higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N740**(A)**(N23)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010154)

23 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ANTWOORDBOEK van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLEIDING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
5. Gebruik die aangehegte ANTWOORDBOEK om die vrae te beantwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (33 minute)

Gebruik die volgende inligting en voltooi die loonjoernaal van GUNJAN TRADERS, vir die week geëindig 14 Januarie 2017.

LET WEL: Alle berekeninge moet tot die naaste rand afgerond word. Sluit die joernaal af.

INLIGTING:

- Die normale ure is 40 uur vir 'n week wat uit 6 dae bestaan. Maandae tot Vrydae, 7 uur per dag en 5 uur op 'n Saterdag.
- Mayans het Maandag 6 uur lank gewerk, Dinsdag 8 uur, Woensdag 5 uur, Donderdag 7 uur, en Vrydag 10 uur; Saterdag het hy sonder 'n geldige rede by die huis gebly. (R34 per uur vir normale tyd, en R38 per uur vir oortyd)
- Malay het Maandag 7 uur lank gewerk, Dinsdag 9 uur, Woensdag 12 uur, en Donderdag 10 uur; Vrydag het hy sy suster se begrafnis bygewoon, en op Saterdag het hy met Gunjan gereël om Woensdag se ekstra ure vir Saterdag te gebruik. (R51 per uur vir normale tyd, en R57 per uur vir oortyd)
- Aftrekkings:

Werk-nemers	Afhanklikes	Mediese Fonds	Pensioen-fonds	LBS	WVF
Mayans Malay	1 2	R190 vir die lid en R125 vir elke afhanklike	7,75% van normale loon	25% van bruto loon nadat pensioen in aanmerking geneem is	1% van bruto loon

Werkgewer se bydrae:

Pensioenfonds – 52,65% van die werknemer se bydrae
UIF – R2,75 0 vir elke R1,85 wat deur die werknemer bygedra is

[38]

VRAAG 2 (34 minute)

Die inligting hier onder verskyn in die boeke van RACHNA TRADERS.

- Maak die aanvullende inskrywings in die kasboek, op 30 Januarie 2017. Sluit die kasboek af en balanseer dit, op 30 Januarie 2017.
- Berei die bankrekonsiliasiestaat voor, op 30 Januarie 2017.

INLIGTING:

1. Die kasboek het 'n kredietsaldo van R68 400 op 1 Januarie 2017.
2. 'n Vergelyking van die bankstaat met die kasboek op 30 Januarie 2017 het die volgende verskille getoon:

2.1 Die bankstaat van Absa Bank het 'n debietsaldo van R325 600 getoon.

2.2 Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:

No. 321	R15 000
No. 322	R16 300
No. 323	R17 550

2.3 Tjek no. 103 ter waarde van R28 100 is na Eskom gestuur vir betaling van ons rekening. Dit het verlore geraak in die pos en moet gekanselleer word. 'n Nuwe tjek sal op die vierde Februarie 2017 gepos word.

2.4 'n Tjek ter waarde van R161 988, wat deur Rashaan Ltd uit hulle lopende rekening getrek is, verskyn op die besigheidsbankrekening.

2.5 Absa Bank het Rachna se lopende rekening met die volgende bedrae gedebiteer:

Koste van 'n tjekboek	R800
Diensgelde	R700
Belastingheffings	R2 119
Rente op oortrekking	R2 830

2.6 'n Kredietinskrywing van R32 680 was ten opsigte van 'n deposito wat Ranchman Traders direk in hulle rekening gemaak het, maar dit het op die besigheidsbankstaat verskyn.

2.7 Die bankstaat toon twee debietorders van R23 900 ten gunste van Bijou Versekeraars ter betaling van die maandelikse besigheidsversekering, en R9 785 ten gunste van Cell-C.

2.8 Die bank het nog nie 'n deposito van R170 888 op 30 Januarie 2017 gekrediteer nie.

2.9 Die bankstaat toon 'n maandelikse aftrekorder ('stop order') vir R4 020 ten gunste van Foschini, ter betaling van die eienaar se skoenerekening.

Kopiereg voorbehou

2.10 Vida het R12 400 direk in die besigheid se lopende rekening gedeponeer ter betaling van haar rekening.

2.11 'n Tjek van R38 165 wat van Junior, 'n debiteur, ontvang is, is weens onvoldoende fondse gedishonoreer.

2.12 Absa Bank het Rachna se lopende rekening met 'n bedrag van R35 965 gekrediteer vir 'n vaste deposito wat uitbetaal het ('matured').

[39]

VRAAG 3 (75 minute)

Die volgende transaksies het plaasgevind in die boeke van MANGOUSTA FRUITS gedurende die maand Januarie 2017.

GEVRA:

Skryf die transaksies in die kontantontvangstejoernaal, kontantbetalingsjoernaal en kleinkasjoernaal. Sluit slegs die kleinkasjoernaal af, aan die einde van Januarie 2017, en plaas dit oor ('post') na die grootboekrekening.

BYKOMENDE INLIGTING:

Geld word gedeponeer op 8, 18, 22 en 31 Januarie 2017.
Die eienaar het besluit om die stelsel van wisselende saldo's ('varying balances') te gebruik.

TRANSAKSIES:

Januarie 2017:

1 Die kleinkashouer ('petty cashier') het R2 000 van die hoofkassier ontvang. Tjek no. 710

2 Het R6 980 ontvang van Fruitree Guava vir die huur van 'n sapmaker. Kwitansie no. 20

3 Het R75 400 betaal aan die Mangaung munisipaliteit vir water en elektrisiteit. Tjek no. 711

4 Koop vrugte wat nie in voorraad was nie vir 'n spesiale klant, R404. Kleinkasbewys no. 001

5 Het R9 000 ontvang vir afslag op vrugte wat van Akash Fruits and Juice gekoop is. Kwitansie no. 21

6 Het 'n bakkie gekoop van Nissan en het R440 660 betaal. Tjek no. 712

7 Het R1 460 aan die verkeersafdeling betaal vir lisensie. Tjek no. 713

Kopiereg voorbehou

8 Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol R84 550.

10 Het R195 aan CAN betaal vir krammetjies. Kleinkasbewys no. 002

11 Die eienaar, Mangousta, het R860 000 bygedra om sy kapitaal te verhoog. Kwitansie no. 22

12 Het tjek no. 714 aan Multi Fruits gestuur ter gedeeltelike betaling van ons rekening, R50 420.

13 Het tjek no. 715 getrek om Fruit Market te betaal vir die aankoop van bokse mango's, guavas en appels (R147 000 vir al die bokse).

15 Het posgeld betaal vir versekerde pakket, R429. Kleinkasbewys no. 003

16 Het R95 800 aan Indian Fruit Market betaal vir bokse pynappels, avokado's en piesangs. Tjek no. 716

18 Kontantverkope volgens die totale kasregisterrol, R237 000.

19 Het 'n tjek van R45 930 van Bulbul ontvang ter vereffening van haar skuld, volgens kwitansie no. 23.

20 Het R58 000 aan Biju's Orphanage geskenk, met tjek no. 717.

21 Het R276 betaal aan Delta vir herstelwerk aan drukker. Kleinkasbewys no. 004

22 Kontantverkope volgens die totaal van die kontantregisterrol, R64 800.

23 Het R14 100 aan Makro betaal vir 'n kasset ('cartridge'), tjek no. 718.

24 Het R32 640 aan Dunlop betaal vir die nuwe bande op die besigheidstrok. Tjek no. 719.

25 Het waatlemoene, perskes en lemoene vir R106 800 van Serdine Fruits Ltd gekoop en het per tjek no. 720 betaal.

26 Het R73 500 van ABSA Bank ontvang vir rente op vaste deposito. Kwitansie no. 24

27 Het tjek no. 721 uitgereik aan Incredible Connection vir 'n nuwe rekenaar, R34 900

28 Die eienaar het R345 onttrek om lugtyd vir homself te koop. Kleinkasbewys no. 005

29 Het Jumbo betaal vir seep en stoffer, R170. Kleinkasbewys no. 006

30 Het Spend Wise betaal vir papiersakdoekies, R390. Kleinkasbewys no. 007

Kopiereg voorbehou

31 Het R90 770 ontvang van Diel Fruit Traders vir kommissie op produkte wat verkoop is. Kwitansie no. 25.
Die kleinkashouer ('petty cashier') het R1 745 van die hoofkassier ontvang. Tjek no. 722

[82]

VRAAG 4 (38 minute)

Die volgende proefbalans het op 30 Januarie 2017 in die boeke van KARIBU KUMEZA verskyn.

GEVRA:

4.1 Verskaf die volgende berekeninge en details vir KARIBU KUMEZA:

4.1.1	Koste van verkope	(8)
4.1.2	Bruto wins/verlies vir die jaar	(3)
4.1.3	Bruto inkomste vir die jaar	(4)
4.1.4	Bedryfsuitgawes vir die jaar	(7)
4.1.5	Netto wins/Netto verlies vir die jaar	(1)

4.2 Stel 'n balansstaat op vir die jaar geëindig 30 Januarie 2017 (toon slegs die Laste-gedeelte ('Liabilities section). (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Toon die aantekeninge ('notes') by die balansstaat.

PROEFBALANS VAN KARIBU KUMEZA OP 30 JANUARIE 2017

BALANSSTAAT-GEDEELTE	DEBIET	KREDIET
Kapitaal		382 800
Trekkings	17 000	
Grond en Geboue	141 300	
Toerusting	123 550	
Voertuie	91 250	
Handelsvoorraad (1 Februarie 2016)	51 300	
Debiteurekontrole	43 700	
Bank		57 300
Kleinkas	1 155	
Los kontant ('Cash float')	945	
Krediteurekontrole		35 400
Lening: Kamba Bank (11%)		22 160
NOMINALE-REKENING-GEDEELTE		
Verkope		773 540
Aankope	605 000	
Vervoerkoste op Aankope	17 110	
Vervoerkoste op Verkope	18 500	
Huurinkomste		87 000
Lone en Salarisse	258 440	
Doeaneregte	22 560	
Rente op vaste deposito		33 300
Afslag ontvang		21 500
Rente op die oortrekking	1 890	
Brandstof en olie	4 600	
Invoerbelasting	9 700	
Verbruiksvoorraad	3 700	
Voertuigonkoste	1 300	
	1 413 000	**1 413 000**

BYKOMENDE INLIGTING:

Die handelsware ('merchandise') is gewaardeer op R 97 190 na 'n fisiese voorraadopname op 30 Januarie 2017. (14)
[41]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou